

Maandag

Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11; Open. 21: 13: Tema: "Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste. En geen ander mens is dit vir ons nie! Open. 13 is 'n beskrywing van die mag van die duiwel. Sy mag is die boosheid van die mens. Die mag van boosheid is nie soos geestelikes dit fantaseer as die magiese krag van dolosse of Boeddha-beeltjies nie. Christus se versoeking in Mat. 4 wys dat die duiwel se mag is die goddelose koninkryke van die wêreld. Boosheid is die mag van mense om met geweld ander mense aan hulle sondige drifte te onderwerp en te misbruik. Die apostel Johannes beskryf hierdie mag van boosheid in Open.13. Hierdie is nie 'n droom of 'n visioen wat hy in ekstase beleef nie. Hy is besig om die Woord van God uit Daniël 7 te preek. Feitlik elke magsbeeld in Open. 13 kom uit Daniël 7. Boosheid is mense se dierlikheid! Dit wys in Johannes se skrikbeeld van menslike dierlikheid: 'n mens wat soos 'n luiperd lyk, wie pote het soos 'n beer en 'n bek het soos 'n leeu. Hierdie dierebeelde beeld een en dieselfde mag uit: die mag van 'n mens om ander mense met brute mag te verskeur, te verniel en te verslind, om hulle aan sy sonde ondergeskik te maak. Hierdie dier kom op uit die see! In die Ou Testament is die see die simbool chaos en onheil. Daarom is dit simbool van die mens se sondige natuur en sy sondige drif. Die see wys op die mens se kollektiewe sondige drif en begeertes, die drif van volke, nasies en stamme - nie net een persoon s'n nie. Uit die mensdom se kollektiewe sondige drif verrys die brute mag om te verniel, te verskeur en te verslind, om sonde as lewenswyse op almal af te dwing. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11; Open. 21: 13: Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, niemand anders nie! Boosheid se magsmiddels is eerstens die gewone openbare instellings soos die gesin, die skool, vakbonde, sakekamers, munisipaliteite, howe en dan die parlement. Tweedens is dit die mense wat gesagsposisies in hierdie instellings beklee. Boosheid maak hierdie instellings en posisies die mag van menslike goddelikheid. Dit word in Open. 13 uitgebeeld deur die horings met heerserskrone en koppe met godslasterlike name op! Die mag van boosheid is nie magiese kragte nie. Die duiwel bied nie aan Christus die mag om die grootste toordokter te word nie. Hy bied aan die Here die heerskappy van koninkryk van die wêreld aan. Die horings is die openbare gesag en wettige owerheid. Die gesag van ouers, onderwysers, sakemanne, regters en die regering. Die krone wys op die wettige ampsposisie om hierdie gesag te mag beklee en uit te voer. Dit is hierdie openbare instellings en wettige openbare posisies wat die mag van boosheid word. Dit gebeur deur die koppe met godslasterlike name op. Die koppe is in die boek Openbaring die keisers van die Romeinse Ryk, maar dui op al die persone in openbare instellings wat gesagsposisies beklee. Die godslasterlike name is die goddelike titels wat Romeinse keisers vir hulle toegeëien het en deur hul parlement mee amptelik benoem was: heer, redder, seun van god, ons heer en god. Dit is die mag van boosheid: mense

wat openbare instellings en posisies wat bedoel is om dienswerk en diensposisies te wees, te gebruik asof dit mense met goddelike mag bemagtig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Woensdag

Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11; Open. 21: 13. Goddeloses laster God omdat hulle die versugting het om met openbare gesagsposisies vir hul self goddelike mag toe te wil eien. Opbg 13: 6 : Goddeloses laster teen God self (dit is sy bestaan as God); sy Naam (dit is sy Persoon as God in sy almagtigheid, goedheid, barmhartigheid, liefde, sy alwetendheid en alomteenwoordigheid) ; sy woonplekke (dit is sy totaal andersheid as mense); en die mense wat met Hom is (dit is dat sekere mense aan God behoort en Hy hulle altyd vir Hom as God behoue laat bly). Hulle laster God uit die die versugting om soos God te wil wees. Met goddelike mag en eer wil hulle lewe en dood beskik, net soos God. Die mag oor lewe en dood gee goddeloses die gevoel dat hulle die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste is - vir hulle self en vir alle ander mense. Dit is net deurdat hulle ander mense verskrik, op hulle beslag lê, hulle gevange neem en doodmaak, dat hulle in hulself en vir ander mense hierdie mag kan wees. So meen hulle, hulle is vir die wêreld : 'Ek is vir jou die Eerste en die Laaste, Ek is jou begin en einde' . En dit is hoe die wêreld boosheid aanbid. Die aanbidding van boosheid is die (valse) geloof en erkenning dat mense met brute mag, is my begin en my einde, hulle is altyd die eerste en laaste mens in my lewe. Hierdie mag van mense oor mense: 'ek is jou begin en einde, die eerste en laaste mens in jou lewe' kan net afgedwing word met die mag van brute dierlikheid: dit is om mense en hul menslikheid te verniel, te verskeur en te verslind. Dit is die werklike mag van boosheid en die Bose: mense wat die heerserskroon dra: 'ek is jou begin en einde, ek is die eerste en laaste mens in jou lewe.' Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus

Donderdag

Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11; Open. 21: 13. 9. Die mag van boosheid, menslike dierlikheid, sien 'n mens nie in hekse, towery, dolosse, muti of satanisme nie. Die werklike effektiewe mag van die Bose is sigbaar in die mag van die KONINKRYKE van die wêreld (Mat. 4:8), dit is in hoe goddeloses openbare gesag opeis en gebruik. Hierdie mag van boosheid is onder andere OUIERS wat hul kinders van die kerk en God vervreem in die geloof en houding: ek is die begin en einde van my kinders, die eerste en laaste persoon in hul lewe - nie God nie. Dit is hierdie drif in ouers wat kinders kerklose en godlose kinders maak. Hierdie mag van boosheid is die mag waarin GELIEFDES mekaar opeis met die houding: ek is jou begin en einde, die eerste en laaste persoon in jou lewe. Dit is om 'n geliefde met 'n mag te omhels wat al die ander verhoudings en persone in sy of haar lewe verdring. Hierdie is die boosheid waarin WERKGEWERS hul werknemers opeis: ek is jou begin van die dag en jou einde van die dag, ek is die eerste belang en die laaste belang van jou lewe. Hierdie boosheid is die mag waarin

die REGERING die land en burgers opeis: ons is die begin en einde van julle lewe, julle werk, julle eiendom, julle taal en kultuur. Ons is die Eerste en die Laaste van alles wat julle is en sal wees. Híerdie is die werklike mag van boosheid wat mense werklik diep vermink en hul in hul menswees skend - nie dolosse, muti, of Boeddha-beeltjies nie. Want om met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag te moet leef vir 'n ander mens wie se sondige drif vir jou, jou begin en einde is, vermink jou in jou menswees. So is hulle vir jou niks anders as 'n luiperd, 'n leeu en 'n beer nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11; Open. 13: 7 Ons wie se name in die boek geskryf is van die Lam wat geslag is vir ons sondes, is God se heiliges (Opg 13:7 - die 1983 vertaling noem dit verkeerdelik “gelowiges”). Ons behoort met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag net aan die Here en ons aanbid Jesus Christus só, as God se heiliges. Daarom kan ons aan niemand anders só behoort nie. Vir ons is net Christus, ons Eerste en Laaste, ons Begin en Einde, nie enige ander mens en ook nie enige magtige wêreldleier nie. Die oorlog van goddeloses teen ons, “heiliges”, is om ons verdag te maak, bespotlik te maak en met die wetlike magte van boosheid te bestry. Hulle is bitter ontevrede dat ons nie hulle as ons Eerste en Laaste, ons Begin en Einde ooit sal erken nie. Hierdie lyding laat Christus vir ons toe (Opg 13: 5,7) omdat Hy as Here ons tot die werklike toekoms van die skepping verbind. Die oproep om in hierdie lyding te volhard is nie maar net om met swaarkry vas te byt nie. Dit gaan oor ons verbintenis tot die werklike toekoms. Dit sien ons in die Here se versoeking. Die Duiwel bied Hom die mag van die koninkryke van die wêreld aan asóf dit syne is, maar in werklikheid is dit die Here se koninkryke. Dit is soos om besighede te skep wat gesteelde goedere aanbied aan die by wie jy dit gesteel het. Hierdie valse ekonomie het geen toekoms nie. Volhard beteken om met die aanbidding van Christus te voort te gaan, terwyl goddeloses ons hiervoor verniel, omdat Hy die werklike toekoms van die skepping vir ons ontsluit. Hy wat die begin en einde, en die Eerste en Laaste in sy skepping is, is vir ons die Lam wat geslag is en ons is sy heiliges. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Maandag

Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11; Open. 21: 13: Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, niemand anders nie! Open. 13 is 'n beskrywing van die mag van die duiwel. Sy mag is die boosheid van die mens. Die mag van boosheid is nie soos geestelikes dit fantaseer as die magiese krag van dolosse of Boeddha-beeltjies nie. Christus se versoeking in Mat. 4 wys dat die duiwel se mag is die goddelose koninkryke van die wêreld. Boosheid is die mag van mense om met geweld ander mense aan hulle sondige drifte te onderwerp en te misbruik. Die apostel Johannes beskryf hierdie mag van boosheid in Open.13. Hierdie is nie 'n droom of 'n visioen wat hy in ekstase beleef nie. Hy is besig om die Woord van God uit Daniël 7 te preek. Feitlik elke magsbeeld

in Open. 13 kom uit Daniël 7. Boosheid is menslike dierlikheid! Dit wys in Johannes se skrikbeeld van menslike dierlikheid: 'n mens wat soos 'n luiperd lyk, wie pote het soos 'n beer en 'n bek het soos 'n leeu. Hierdie dierebeelde beeld een en dieselfde mag uit: die mag van 'n mens om ander mense met brute mag te verskeur, te verniel en te verslind om hulle aan sy sonde ondergeskik te maak. Hierdie dier kom op uit die see! In die Ou Testament is die see die simbool chaos en onheil. Daarom is dit simbool van die mens se sondige natuur en sy sondige drif. Die see wys op die mens se kollektiewe sondige drif en begeertes, die drif van 'n volke, 'n nasies en stamme, nie net een persoon s'n nie. Uit die mensdom se kollektiewe sondige drif verrys die brute mag om te verniel, te verskeur en te verslind om sonde as lewenswyse op almal af te dwing. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za ds. Petrus